

Sing vooraf staande: Psalm 118:12 (p. 579)

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.
Ag, HEER, gee nou u seëninge; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige
werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 18:1, 14 (p. 71)

- 1 Ek het U hartlik lief, o HEER! / U is my sterkte en teëweer.
Die HEER 's my rots, my vesting sterk, / my redder wat my heil bewerk,
my rots wanneer die stormwind huil, / my skild, die weerkrag van my heil,
my vesting op die bergkrans steil, / by wie ek vas en veilig skuil.
- 14 Gods weg is gans volmaak soos Hy, sy woord van al wat smet is, vry,
soos goud, gelouter sewe maal. / Hy is 'n skild van keurmetaal
vir almal wat op Hom vertrou. / Want wie's daar buiten U, o Heer!
U is die Rots, geen ander meer, / op wie ons altyd weer kan bou.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet sing ons Psalm 24:2 (p. 111).

Wet

Psalm 24:2 (p. 111)

- 2 Wie sal die Godsberg op kan gaan, / en wie sal op sy top kan staan,
omskitter deur Gods heiligheide? / Die man wat rein van hart en weg,
sy siel aan nietigheid nie heg, / en trou is aan sy woord en ede.

Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbedding vir die kerk,
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

Psalm 68:8 (p. 333)

- 8 Gods eng'lemagte bo die swerk / het, tien en tien maal duisend sterk, / slagvaardig uitgeswewe;
by hulle is sy majesteit / 'n Sinaï in heiligheid, / deur bliksemlig omgewe.
U het omhoog gevaar vol eer; / die kerker was u buit, o HEER, / en gawes u beloning
wat neerdaal op die mensekind; / selfs wie opstandig is, dié vind / by U, o HEER, 'n woning.

Skriflesing: Eksodus 25:31-40

Teks: Eksodus 25:40

**En kyk dat jy dit maak volgens die voorbeeld daarvan wat jou op die berg getoon
is. (Eksodus 25:40 AFR1953)**

Die woorde in Eksodus 25:40 het bepaald betrekking op die goue kandelaar.

- Dit moes gemaak word volgens die voorbeeld wat die Here vir Moses gewys het.
- Die kandelaar het juis die betekenis dat dit die simbool is van die totale uitverkore kerk van die Here.

Dit is hoe die kandelaar aan ons geopenbaar word in Openbaring 1.

- Dit verduidelik terselfdertyd die betekenis van die Here se woorde aan Moses: Die kerk moet leef en bid volgens die voorbeeld uit die hemel.
- Ons moet 'n hoë mikpunt in die lewe stel: Ons moet probeer om altyd tot lof van God so volmaak as moontlik te word.

Dit is waar dat geen sondaar op hierdie aarde volmaak sal kan wees nie, maar dit beteken nie dat ons nie moet probeer nie, of dat ons nie 'n verantwoordelikheid daartoe het nie.

In die gedeelte wat ons saam gelees het, roep die Here Moses teen die berg op.

- Daar bo kry hy opdragte om tempelvoorwerpe te maak soos die wat die Here vir hom gewys het.
- Die Here het vir hom 'n replika van die volmaakte gewys en hom aarde toe gestuur om dit te gaan naboots.

Net so het ons ook 'n bouplan uit die hemel waarvolgens ons ons lewens moet bou en verander totdat dit is soos wat God dit wil hê – God se Woord.

- Net soos die dinge wat Moses laat maak het, kunswerke was volgens die voorskrif van die Here, so moet ons lewens ook 'n kunswerk wees volgens God se Woord.

Hoe sal ons weet wat om te doen?

- Daar is 'n bouplan wat uit die hemel gegee is waarvolgens ons moet lewe.
- Moses moes die tabernakel, die goue kandelaar en al die ander voorwerpe maak volgens die voorbeeld daarvan wat vir hom op die berg gewys is.
- Die tabernakel en al die dinge was dus 'n afbeeldsel en 'n skaduwee (simbool) van dinge wat in die hemel is.

Ons voel gewoonlik ongelukkig oor ons tekortkomings, foute, swakhede en gebreke.

- Sommiges van ons kan ons dae lank verkniees oor 'n fout wat ons gemaak het.
- Baie van ons se gesondheid gee in en ons ontwikkel geestesiektes as gevolg van al ons bekommernisse.

Is dit nodig dat dit so moet wees?

- Dit is sekerlik waar dat ons moet aandag gee aan ons swakhede en gebreke, maar ons mag nie daarby vassteek nie.
- Ons moet berou hê oor ons sondes – en sekerlik veral oor die hoogmoed in ons harte.

Berou gaan altyd saam met belydenis.

- Daarom bely ons ons sondes voor die Here en dan moet ons weet dat die Here ons dit vergewe.
- Daarna gaan ons vorentoe. Deur die genade van die Here probeer ons om ons swakhede te oorwin en om ons lewens op te bou tot eer van die Here.

Die Here Jesus Christus alleen kon vra:

Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie? (Johannes 8:46 AFR1953)

Selfs die allerheiligstes onder ons het maar net 'n klein beginsel van die ware gehoorsaamheid solank as wat ons in hierdie lewe is.

- Dit beteken nie dat ons maar daarmee tevrede moet wees nie.
- Ons moet onself steeds met 'n ernstige voorneme daarop toelê om so na as moontlik aan die mikpunt van volmaaktheid te kom.

Later het die Here iets hieroor in die Nuwe Testament laat opteken. Ons lees daarvan in Hebreërs 8:

Want as Hy op aarde was, sou Hy selfs geen priester wees nie, omdat daar priesters is wat volgens die wet die gawes offer, hulle wat 'n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses 'n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jou op die berg getoon is. Maar nou het Hy 'n voortrefliker bediening verkry vir sover Hy ook Middelaar is van 'n beter verbond wat op beter beloftes wettelik gegrond is. Want as daardie eerste een onberispelik was, sou daar nie plek vir 'n tweede gesoek word nie.

(Hebreërs 8:4-7AFR1953)

Ons bewonder gewoonlik die werke van goeie skilders en beeldhouers.

- Dit is nie verkeerd nie. Solank ons net onthou dat daar ook 'n beeldhouwerk en 'n skilderstuk is waaraan onself besig is om te werk tot eer van God – ons eie lewens.
- Die mooiste kunswerk is 'n lewe wat uitgebeitel is volgens die bouplan van God se Woord, en meer bepaald volgens die voorskrifte van die versoeningsbloed van ons Here Jesus Christus.

Hoe word ons deel van die versoeningsbloed van die Here Jesus Christus?

- Alleen deur die Here Jesus Christus self.
- Ons moet deur Hom in gemeenskap gebring word met God.
- Die Heilige Gees leer ons dat toe Hy volmaaktheid bereik het, Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword het (Hebreërs 5:9).

Gelukkig bewerk die Here Jesus self hierdie saligheid in ons, want Hy sê:

Want Hy berispe hulle en sê: Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond tot stand sal bring, nie volgens die verbond wat Ek met hulle vaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand geneem het om hulle uit Egipteland uit te lei nie; want hulle het nie gebly by my verbond nie, en Ek het hulle veronagsaam, spreek die Here. Want dit is die verbond wat Ek ná dié dae sal sluit met die huis van Israel, spreek die Here: Ek sal my wette in hulle verstand gee en dit op hulle hart skrywe; en Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees.

En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer en sê: Ken die Here nie; want almal sal My ken, klein en groot onder hulle. Want Ek sal barmhartig wees oor hulle ongeregthede en aan hulle sondes en hulle oortredinge nooit meer dink nie. As Hy sê 'n nuwe verbond, het Hy die eerste oud gemaak; en wat oud word en verouder, is naby die verdwyning. (Hebreërs 8:4-13 AFR1953).

Natuurlik praat die Here hier van 'n spontane verstaan en uitvoering van sy wil.

- Ons kan dit in ander woorde ook sê: Die Here praat van *bekering*.
- Gelukkig word ook dít bewerk deur die Here Jesus Christus. Ons lees dit in Handeling 3:26:
God het, nadat Hy sy Kind Jesus opgewek het, Hom eers vir julle gestuur om julle te seën deur elkeen van sy booshede te bekeer. (Handeling 3:26 AFR1953)

Hierdie verlossing wat deur die Here Jesus vir ons tot stand gekom het, is geweldig belangrik, want daarmee is die heerlijkheid van die beeld van God weer in ons teruggebring.

- Die Here sê dat Hy, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, baie as sy kinders tot heerlijkheid wou lei.
- Daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring (Hebreërs 2:10).

Merkwaardig dat die Here Jesus met sy lyding en versoening om ons God se kinders te maak, ook juis op dieselfde berg gesterf het as waarop die Here vir Moses die voorbeeld van die dinge in die hemel gewys het – net op 'n ander piek van die berg.

Die feit is doodgewoon dat ons nou kinders van God is, en daarom moet ons met ons lewens soortgelyk word aan dit wat met Moses gebeur het – die toestande om hom het al hoe heiliger geword al hoe hoër hy teen die berg opgeklim het.

- *Net so moet ons lewe daaglik toeneem in heiligwording.*
- Daarom kan die Heilige Gees ons die opdrag gee dat ons ons bo alles moet beklee met die liefde wat die band van die volmaaktheid is (Kolossense 3:14).

Hoe gebeur dit?

- Dit kom tot stand as ons daaglik vorentoe gaan in antwoord op die prediking.

Hoe gaan ons in antwoord op die prediking vorentoe?

- Daarin dat ons verander en daaglik heiliger word en meer en meer die ware beeld van God vertoon.

Kom ons neem een voorbeeld: Ons verhouding teenoor mense van wie ons nie hou nie.

- Dit kan mense wees wat ons te na gekom het, of mense wat ons nie verdra nie.
- In geloofsterme is hulle ons vyande, want ons het hulle nie lief nie.
- Die hemelse voorbeeld wat ons het, is dat die Here Jesus vir presies sulke mense aan die kruis sterf sodat hulle kinders van God kan wees – dit is ons.

Ons tree nie altyd op soos die hemelse voorbeeld nie.

- Ons tree dikwels onversoelik op: Ons jak mense af. Ons beledig hulle.
- Soms beskinder ons ook nog al die van wie ons nie hou nie agteraf en ons smeer hulle name swart.

So kan ons aangaan en talle voorbeelde van verskillende sondes opnoem.

Ons moenie maak asof hierdie saak dat ons vernuut moet word na die hemelse voorbeeld 'n ligtelike saak is nie.

- Verharding en ondeurdagte optrede kan mens duur te staan kom. Mens kan in 'n roekelose oomblik 'n ding doen wat jou later baie duur te staan kan kom.
- Esau het so ondeurdag teenoor God opgetree en die Bybel herinner ons daaraan dat ons weet dat hy verwerp is toe hy daarna die seën wou verkry.
- Daar was vir hom geen moontlikheid om die saak reg te stel nie, al het hy met tranes daarna gesoek. ...**dit met tranes vurig begeer** (Hebreërs 12:17 AFR53).

Hoe gaan ons dit regkry om die hemelse voorbeeld na te streef? Ons gaan dit so doen:

- Ons ondersoek die Skrif biddend.
- Ons plaas onself voortdurend onder 'n vergrootglas om die verkeerde dinge in ons lewens te herken en uit te skakel.

Ons doen dit nie sodat ons met 'n mooi lewe kan loop en spog nie, maar sodat ons die Here daarmee kan dien en eer – en sodat God die Heilige Gees Hom kan tuis voel in ons liggame wat sy tempels is.

Kom ons kyk weer na die voorbeeld van ons onklaarkomstigheid met mense van wie ons nie hou nie. Hoe vernuut ons?

- Die Heilige Gees gee aan ons die volgende opdragte volgens die hemelse voorbeeld:
Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg (Matteus 5:44 AFR1953).
Seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word (Lukas 6:28 AFR1953).
Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie (Romeine 12:14 AFR1953).
Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry (1 Petrus 3:9 AFR1953).

Ons moet luister wat het die Here om vir ons te sê.

Daarom moet ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande die Here Jesus Christus verkondig word nie.

- Ons moet verder gaan na die volle inhoud van die boodskap.
- Ons wil nie opnuut die fondament lê deur te praat oor die bekering uit 'n leefwyse wat tot die dood lei nie... (Hebreeërs 6:1).

Onbekeerlikheid is 'n lewe wat tot die dood lei.

- Dink net hoe die Here ons sien as ons in die styl van die wêreld verval en net soos die slegte mense word deur kwaad met kwaad te vergeld en belediging met belediging.
- Daarom gee die Here die oplossing:
Vergeld geen kwaad met kwaad of skeldwoorde met skeldwoorde nie, maar seën inteendeel, omdat julle weet dat julle hiertoe geroep is, sodat julle seën kan beërwe. (1 Petrus 3:9 AFR1953)

Wie van ons het al opreg probeer om iemand te seën en met die volle seën van God van jou af weg te stuur wanneer hy/sy jou haat? Die Here verwag dit van ons!

U moet besef hoe ontsettend belangrik die seën van die Here is. Luister na 'n paar uitsprake:

Die seën van die HERE – dit maak ryk, en moeitevolle arbeid voeg daar niks by nie. (Spreuke 10:22 AFR1953)

Die HERE sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die land wat die HERE jou God jou sal gee. (Deuteronomium 28:8 AFR1953)

Want Ek sal water giet op die dorsland en strome op die droë grond; Ek sal my Gees op jou kroos giet en my seën op jou nakomelinge. (Jesaja 44:3 AFR1953)

Dink hieraan: Mense wat aan Satanisme en die okkulte glo, sal jou vertel dat enige vloek gebreek kan word.

- Ons Christene weet dat die Here Jesus byvoorbeeld die mag van die Satan oor ons vir ewig verbreek het.
- Maar daarteenoor kan die seën van die Here nooit verbreek word nie. Dit staan in 1 Kronieke 17:27:

Dit het U dan nou behaag om die huis van u kneg te seën om vir ewig voor u aangesig te wees; want U, HERE, het geseën, en dit sal vir ewig geseënd wees
(1 Kronieke 17:27 AFR1953)

U, Here, het geseën; daarom is dit vir altyd geseën. 1 Kronieke 17:27 AFR1983)

Die seën van die HERE gee vir ons sterkte, die HERE sal ons seën met vrede. Die seën van die Here gee aan ons krag; die Here seën ons met oorvloed (Psalm 29:11 AFR1953).

Die Here seën diegene wat die Hom vrees, die kleintjies saam met die grotes
(Psalm 115:13 AFR1953).

- Ons moet altyd daarvan bewus bly dat die Here ons seën uit sy ewige blyplek, dat ons voorspoed kan aanskou al die dae van ons lewe (vgl. Psalm 128:5).

Dit sal ons aanspoor om, soos ander mense voor ons, in hierdie proses van vernuwing na die hemelse voorbeeld toe te kan volhard. As ander dit in die bloed van Christus kon doen, kan ons ook. Paulus het eenkeer van hom en sy geselskap die volgende vir die kerk in Korinte geskryf:

Word ons uitgeskel, ons seën; word ons vervolg, ons verdra dit; (1 Korintiërs 4:12 AFR1953)

Geliefdes in die Here, waarom sal ons nie die hemelse voorbeeld wil nastreef nie, veral as ons daaraan dink dat die vloek van die Here rus op die huis van die goddelose,

maar Hy seën die woning van dié wat aan Hom getrou is (Spreekw 3:33 AFR1953).

Ons Here is van ons af weg terwyl sy seën oor ons bly hang het. Die apostels het dit beskryf soos hulle dit deurgemaak het:

En terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle geskei en is in die hemel opgeneem
(Lukas 24:51 AFR1953).

Die kerk leef en bestaan elke dag in die seën van die Here Jesus Christus.

- Kom ons streef na die hoë mikpunt om so volmaak as moontlik te wees in hierdie lewe: Ons moet probeer om altyd tot lof van God so gehoorsaam en heilig as moontlik te word.
- Kom ons bekeer en vernuut en gaan die God van seën in die ewigheid tegemoet.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 33:11 (p. 161)

11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.